

MEMORANDUM

Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne

Tel.: (021)808-4588

E-pos: vlmothobi@sun.ac.za

AAN: Lede van die ABV

VAN: **Victor Mothobi**
Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne

DATUM: 1 Februarie 2021

INSAKE: **CHEC CREATING THE LEADING EDGE BESTUURSONTWIKKELINGSPROGRAM**

Die US beskou die deurlopende professionele ontwikkeling van personeel as 'n strategiese prioriteit.

Vir middelvlak bestuurders werksaam binne hoërondewysinstellings in die Wes-Kaap is daar nou die geleentheid om die negentiende aanbieding van die bestuursontwikkelingsprogram vir die streek by te woon. Dit word aangebied onder die vaandel van die *Cape Higher Education Consortium* (CHEC).

U word vriendelik versoek om die besonderhede betreffende die program aan personeel in u omgewing deur te gee.

Die teikengroep is middelvlak bestuur (posvlakke 9 tot 5; gegradueerd of ekwivalent; nuwe of ervare bestuurders).

Die program word aangebied in modulêre vorm. Die kernmodules vorm 'n omvattende bestuursontwikkelingsprogram gebaseer op die noodsaaklike vaardighede wat alle leiers en bestuurders benodig. 'n CHEC-sertifikaat, wat erken word deur alle Hoër Onderwysinstellings in die streek, word toegeken aan diegene wat al die kernmodules suksesvol voltooi. Bestuurders wat nie al die kernmodules wil bywoon nie, kan egter inskryf vir een of meer modules onderhewig aan hul persoonlike ontwikkelingsbehoefes.

Slegs 'n beperkte aantal plekke is in elke module beskikbaar, aangesien die aansoeke van al vier instellings billik en regverdig verdeel moet word.

Die kostes verbonde aan die bywoning van die program, word uit SETA fondse bekostig.

Besonderhede van die CHEC-modules is beskikbaar op Menslike Hulpbronne se webblad by www.sun.ac.za/afrikaans/human-resources/training-and-development/workshops

Alle personeel wie se aansoeke in 2020 onsuksesvol was en wat graag in 2021 van die modules wil bywoon, sal weer daarvoor moet aansoek doen. Slegs aansoeke deur Sun-e-HR ontvang, sal oorweeg word.

Aansoeke sluit op 19 Februarie 2021.

Om vir die werksinkels aansoek te doen:

- teken aan op *Sun-e-HR*.
- Kies die funksie *Sun Employee Self Service*, en spesifiek *Training and Development, Learner Home*.
- Gaan dan *Human Resources* om by die CHEC-modules uit te kom.

Indien u enige navrae het, kontak gerus vir Alvira Albertus (alvira@sun.ac.za / 021 808 2966).

Vriendelike groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Victor L. Mothobi', enclosed within a large, loopy oval scribble.

Victor L Mothobi
HOOF DIREKTEUR: MENSLIKE HULPBRONNE